ROEPSTEM VAN DIE HORISON

ROEPSTEM VAN DIE HORISON

'n VERSAMELING WARE JAG- EN NATUURVERHALE UIT DIE ONDERVINDINGE VAN JOHANN BACHER

JOHANN BACHER

CruGuru

ROEPSTEM VAN DIE HORISON

Kopiereg © 2011 ZELNA SWART

ISBN: 978-1-920265-79-3

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

www.cruguru.com

Ekurhuleni, Suid-Afrika

MY OUPA
(15/03/1937 – 14/10/2007)

Die dag toe my oupa dood is was dit vir almal 'n groot skok. Ek onthou altyd hoe my oupa grappies gemaak het as ons "Mall" toe gegaan het in die Kaap. Elke keer as ons gaan kuier het, het hy grappige prentjies van ons geteken. Prentjies waaroor ons altyd gelag het.

Hy't baie gediggies geskryf en van sy gediggies was al in 'n boekie. My oupa was 'n polisieman in Katima Mulilo toe my ma hulle nog baie jonk was. Ons kon altyd vir ure sit en luister na al sy stories. Eendag toe ons nog in die "Mall" sit, begin hy net stories vertel. Ek was baie jonk en kon dit glad nie verstaan nie. My ma en ouma het my toe vertel dat hy Alzheimers het. Ek het dit nie ernstig opgevat nie, want ek was in graad 2. Ons het nog steeds baie daar gaan kuier.

Aan die einde van 2002 het my pa 'n besigheid in Louis Trichardt gekry. Ek was baie hartseer. Ek wou glad nie gaan nie. My ouma het toe al lankal borskanker gehad. Ons was al vir 'n paar maande in Louis Trichardt toe my ouma bel en sê dat sy weer chemo moet kry vir haar kanker. Hulle het toe by my tannie Zelna in Durban gaan bly. Dinge het toe beter begin raak. Met die tyd wat verby gegaan het, het my oupa Parkinsons gekry.

Alzheimers en Parkinsons is baie ernstige siektes. My oupa het net agteruit begin gaan. In September 2007 het hy in die hospitaal beland. Ons het dringend afgery. Hy't toe erger geword. Ons het baie gaan kla en toe ons weer daar kom het hy baie beter gelyk. Hy't met ons gepraat en gelag.

Die Dinsdag toe ek en my ma moes gaan groet, het hy net daar gelê. Hy't niks gedoen nie. Dit was baie moeilik om afskeid te neem. Ons het baie gebid, maar die dokter het gesê daar is niks wat hulle vir hom kan doen nie en hy lewe op genade.

Op 14 Oktober 2007 hier so by 17:20 toe kry my ma 'n oproep. Dit het normaal geklink en toe word my ma bleek en stil. Sy't aan die einde snikkerig gesê: "Dankie Blackie". Ek het my foon gevat en geloop. Na 'n ruk kom my pa in die kamer. Hy't vir my gesê: "Oupa is nou op 'n beter plek sonder lyding".

Dit was baie swaar vir my om te aanvaar dat hy weg is. Hy was my beste oupa ooit. Al het ons baie min gepraat. Hy was 'n rolmodel vir almal en niemand het ooit iets slegs van hom gepraat nie. Hy't altyd geveg tot die einde. Dit kon ons sien toe hy in die hospitaal was.

'n Mens besef nooit wat jy het totdat jy dit verloor nie.
Die HERE het 'n beter plan vir hom.
Eendag sal ons weer ontmoet…

VAN SY KLEINDOGTER,
CHARNELLE (13 JAAR)

Voorwoord Deur Jannie Duraan (Vriend)

Ek is sedert 1953 persoonlik bevriend met die skrywer van hierdie uiters insiggewende jagtersbiografie.

Hierdie veteraanpolisieman, vryskutskrywer, grootwildjagter, sportheld, hengelaar van formaat, en avonturier was inderdaad 'n lewende legende – in die ware sin van die woord – uit toeka se dae van Suidwes-Afrika – nou Namibië.

So sal die tans Namibiese sportmanne van gister, hierdie legende – Johann – onthou as een van die grootste sporthelde van sy tyd. Hy word veral onthou as Springbok Amateurstoeier en een van die weinige atlete wat provinsiale kleure in stoei, boks, atletiek en swem verwerf het.

Dit is so dat Johann net so bekend vir sy vermelde sportprestasies in die Republiek is. Sy hoogtepunte word as volg beskou:

1. Hy het Springbokkleure in Amateurstoei teen Switzerland in 1969 verwerf.
2. Hy het as Nasionale Instrukteur in sport gekwalifiseer. Hy was 'n Provinsiale "A"-skeidsregter en -beoordelaar in Amateurstoei.
3. Sy seun was op 16 jarige ouderdom aangewys as Senior Sportman van die Jaar 1993, en Johann (Jnr), was vier keer as S.A. Amateurstoeikampioen aangewys.

Die Leuse: "'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees!" is tiperend van Johann. Sy werk, *Roepstem van die Horison*, is dus 'n gesonde, weldeurdagte samestelling van sy persoonlike jagtersbiografie en ander toepaslike ware verhale.

JANNIE DURAAN
22/02/1934 – 27/06/2005

Voorwoord Deur Gert Kruger (Vriend)

Dit is vir my 'n eer en voorreg om aan Johann se eggenote, Mossie, se wens voor haar oorlye vroeër hierdie jaar, te voldoen om 'n voorwoord in sy boek ROEPSTEM VAN DIE HORISON te skryf.

Toe ek Johann Bacher vir die eerste keer in die vroeë 1990's by 'n skrywerskring waaraan ek behoort het, ontmoet het, het ek nie geweet met welke groot sportman, jagter en avonturier ek vir die volgende aantal jare tot sy dood toe, mee bevriend sou raak en uiteindelik huisvriende mee sou wees nie. Min het ek ook geweet van sy skrywerstalent en digkunsvermoeë wat hy toe al vir 'n geruime tyd beoefen het.

Omdat ek van die manuskrip getiteld ROEPSTEM VAN DIE HORISON bewus was, het ek ná Johann se dood gevoel dat so 'n goeie stuk werk nie sommer so verlore mag gaan nie en het met sy eggenote, Mossie en dogter Zelna, in verbinding getree. Toe hulle die wens uitspreek dat dit gepubliseer kan word, het ek hulle met die CruGuru uitgewery in verbinding gebring met die oog op moontlike publikasie daarvan. Onderhandelinge tussen hulle het uiteindelik die deurslag gegee vir die publikasie van die manuskrip in boekvorm, waaroor ekself ook baie bly is.

Dit wat Jannie Duraan in sy voorwoord oor Johann geskryf het, het Johann nooit vanself oor gepraat nie. Ek het dit maar met verloop van tyd van verneem en uitgevind wanneer ons by hulle gaan kuier het en ek die talle eerbetonings wat in 'n hoekie van die voorhuis uitgestal was, besigtig het. Heelwat inligting wat in Jannie se voorwoord staan het ek ook nie van geweet totdat ek dit eers gelees het nie.

Wat sy geweldige skerp waarnemingsvermoë in die jagveld betref, het ek die voorreg gehad om eerstehands te ondervind toe ek een keer saam met hom in die Mabalingwe Wildreservaat 'n week deurgebring het. Ons het baie saam in die natuur rondgery om wild en die veld te bekyk en ek het my verbaas hoe goed hy enige wildsoort van groot tot klein voor my in die veld kon waarneem.

Destyds het hy en sy eggenote, Mossie, by die Hartebeespoortdam gewoon waar hy 'n boot besit het en waarmee hy dikwels in die dam gaan vaar en vis gevang het. Ek onthou dat hy destyds, dikwels wanneer hy 'n "ou grote" nadergetrek het, ons genooi het om 'n visbraai by hulle te kom geniet.

Ek onthou verder dat Johann dikwels teen die swak gehalte van die water in die Hartebeespoortdam te veld getrek het en ook 'n gedig daaroor geskryf het wat in die digbundel "Woordflenters" gepubliseer is. Hierdie gedig saam met talle ander gedigte van hom wat in dié bundel verskyn, is bewys daarvan dat Johann nie net sportman, jagter en avonturier was nie, maar ook 'n baie diepsinnige denker was, deurdat hy dit wat hy in die natuur waargeneem het asook dit wat diep binne hom aangegaan het, in woorde en gedigvorm kon giet.

Johann se menswees en diepsinnigheid word myns insiens die beste uitgebeeld en opgesom in die volgende gedig van hom wat in "Woordflenters" verskyn het:

STILTE

Stilte
Stilte in die bos
in die lug, hoog daar bo
stilte in die nag
soos silance in Frans.

Stilte
in jou ingehoue
stilte, kragtig, soos staal
soos graniet ingebou.

Stilte
soos op 'n herfs dag
of soos op 'n Sondagmiddag
doodse stilte in my siel.

Stilte
na 'n vogtige traan
ook na 'n diepe smart
stilte, stil bly staan.

GERT KRUGER
PRETORIA
2010

Voorwoord van die Skrywer

Hierdie boek bevat ware gebeurtenisse in die jagveld en elders – soos wat deur my gesien en beleef was, en moet nie beskou word as die Alfa en Omega van alle jagmetodes en -gebruike nie. Enige verskil of ooreenkoms moet as bloot toevallig beskou word!

Baie dankie vir my dogter, Zelna, vir al die harde werk om hierdie boek 'n sukses te maak!

JOHANN BACHER
SKRYWER
15/03/1937 – 14/10/2007



Inhoudsopgawe

1. WIK VOOR JY WEEG 1
2. DIE ONTEMBARE HOORT IN DIE NATUUR 5
3. TWEE ARISTOKRATE 10
4. BALLISTOLOLIE-BALLADE 14
5. DIE GEMSBOK MET SY MOBIELE HITTEWISSELAAR 17
6. PIPERELLEKOORS OF PAPELELLEKOORS 22
7. DIE ROOIMUISHOND-GENERAAL 28
8. GEMSBOKLEWER 31
9. SLANGBYT 35
10. BILTONGBALLADE 43
11. KAMPVUURMISTIEK 47
12. CHAPPIE 55
13. VLAKVARKJAG 62
14. MY ROOIBOKJAG 65
15. MY SWARTWITPENS 71
16. KOEDOELEWER, GAL EN SOUT 77
17. BOSVELD MISTIEK 81
18. DAAI VLOEKSKOOT 85
19. DIE GROOTSTE VAN DIE GROTES 91
20. DIE LEWENDE AMFIBIESE TENK 104
21. DIE WILDEMAKOU 109
22. FISKAAL IN NIEMANDSLAND 115
23. GEWERE 124
24. JAGTERSDISSE IS KONINGSKOS 130
25. KNIPMES FUNDI 136
26. KONING OF KARNIVOOR 140
27. MY BUFFELJAG 150
28. MY “MARATHON” IN DIE JAGVELD 159

29. MY VEILIGHEIDSKNIP 164
30. MY WEERWRAAK.....170
31. POTJIEKOS.....175
32. ONS VROUE: ST. HUBERTUS 184
33. PIET TIER 187
34. MY LAASTE VERNIET KOEDOEBUL.....198
35. DIE GENADESKOOT 204
36. TANTOR 208

1. WIK VOOR JY WEEG

Dit was gedurende die vyftigerjare, ook deur sommige as die “goue jare” in Suidwes bestempel, dat ek vir die tweede keer in my jagterslewe die benydenswaardige voorreg gehad het om die bekende Kalahari te besoek. Ek het op Sarel van Dyk se plaas, wat aan die Amenius Herero-reservaat gegrens het, gaan jag. Amenius beteken; die vroulike deel van ’n volstruis in die Hererotaal. Hier loop van die wêreld se grootste springbokke en langs die einste draad het talle springbokke al hul horings verloor.

Dit is in dié kontrei waar die destydse afdeling speuroffisier van Suidwes, kolonel Loots, ’n rekord opgestel het vir die swaarste springbok – dit het 55,91 kilogram geweeg. Ek het die voorreg gehad om by te wees toe hy die jagprestasie behaal het. Hier het ek self ook al ’n springbok of twee in dieselfde klas geskiet.

Dit is hierdie einste draad wat die grens van die verbode terrein vir die jagter afgebaken het, en dit is as gevolg van hierdie draad dat talle geesdriftige jagters in die landdroshof beland het, want sien, daar mag nie gejag word nie al is dit nou ook jagseisoen en al het die jagter ’n wettige permit in die hand. Dit is maar eenmaal so dat die jagtersbloed so sterk in die Boer se are vloei dat ’n mens maar kan sê dat dit alreeds met geboorte teenwoordig is. Dit is maar soos die gesegde lui: “Die gras is groener anderkant die draad”.

Maar ek wil nie ’n storie van onwettige jag vertel nie – oor dié onderwerp is daar genoeg stories in die hofrekords van ons land opgeteken. Ek wil vertel wat op Sarel van Dyk se plaas, wat aan die Amenius-reservaat grens, gebeur het.

Ek was reeds ’n paar dae op sy plaas en het al ’n paar mooi springbokke aan die haak gehad. Die eerste springbokbiltongkies was al aan't styf word, toe ons een aand net voor sononder uit die veld kom met sy bakkie. Ek sê toe vir Sarel dat ek nog ’n mooi uitgegroeide steenbokrammetjie wil skiet, want ek wil graag sy horinkies hê.

Die steenbok (Raphicerus campestris), het sy gewilde naam ontleen aan die feit dat sy kleur aan ’n bruin rots of sandsteen herinner. Ondanks die naam hou die steenbokkie nie van bergwêreld nie, maar kom voor in boswêreld en grasvlaktes.

Die steenbokkie is een van ons land se kleinste bokkies – dis net die grysbokkie (Raphicerus sharpei) en die bloubokkie (Philantomba monticola) wat kleiner is. Ek het ook gemerk dat die steenbokkie se kleur van streek tot streek verskil. Steenbokkies naby woestyne is lig van kleur; amper vaal-geel soos die Namib-woestynsand. In die noorde en ooste waar die habitat groener is, is die steenbokkie donkerbruin van kleur en soms groter as sy woestynboetie. Ek sal normaalweg nie 'n steenbok skiet nie, want wat is nou mooier in die natuur as juis die mooi ligbruin kleur van 'n steenbokkie – om nie eens van die mooi donker oë te praat nie.

Hulle maak altyd hul verskyning vroeg in die oggend en in die namiddag. Hul dieët bestaan uit gras, jong lote en blare en word met bolle en uintjies aangevul wat met hul vlymskerp kloutjies uit die grond gegrawe word. Hul kom in pare voor, maar daar is soms alleenlopers. 'n Steenbok is nie op water aangewese nie en kan bestaan sonder om water te drink. Hy kry sy water uit plantekos, asook dou op die blare – veral vroeg in die oggend.

Die steenbokrammetjie is 'n meneertjie wat, sodra hy gespeen is, sy ouers se beskermingsomgewing verlaat om sy eie potjie te gaan krap. Eerstens gaan soek hy sy eie gebied uit waar hy genoeg kos sal hê om te oorleef. Omdat die steenbokkie territoriaal van aard is, sal 'n jong rammetjie dit nie waag om in 'n gevestigde steenbokrammetjie se gebied tent op te slaan nie. O nee – hy sal hom beslis in 'n gevaarlike teenstander se skerp horinkies vasloop.

As die jong steenbokrammetjie vir hom 'n gebied afgebaken het, begin hy na 'n nooientjie soek. As die rammetjie sy nooientjie raakgeloop het, sal hy eers vlerk sleep en as hy haar 'hand' gewen het raak hy aan haar 'verloof'. Dan 'trou' die tweetjies en hy neem sy bruidjie na sy afgebakende gebied. Daar sal hy woon tot hy eendag aan sy einde kom.

Menige jagters was al die slagoffer van sy skerp horinkies of kloutjies. Ek het al gehoor hoe gekweste steenbokkies al 'n jagter se hand, arm, of been met sy skerp kloutjies tot op die been oopgeskop het. Hy sal vreemde steenbokrammetjies wat sy gebied binnedring – veral as sy ooitjie bronstig is – met mening bydam en gedurende so 'n geveg poog hy gewoonlik om sy teenstander tussen sy agterbene deur met sy skerp horinkies te ontman. As daar groter gevaar dreig, sal hy eenvoudig net wegvlug, want hy is relatief vinnig en kan alle roofdiere in 'n kort wedloop uitoorlê – behalwe die jagluiperd of wildehond.

Hy sal gewoonlik na ruie bosse vlug waar sy kleur en klein vorm hom goed kamoefleer, aangesien hy – soos baie ander antelope – nie vêr kan hardloop nie en dus gou moeg en uitgeput raak!

Hoe dit ook al sy, Sarel gee my toe toestemming, want wild was daardie jare relatief volop. Min het ek geweet dat ek een van die interessantste jagondervindings van my lewe sou belewe. Dit is ondervindings soos hierdie wat my uiteindelik laat besluit het om hierdie jagverhaal en ander wat daarna gevolg het te boekstaaf.

Die veld was mooi en die soetgras, wat so bekend is in Suidwes, het in die saad gestaan. My woorde was skaars koud of 'n pragtige uitgegroeide steen-

bokrammetjie spring tussen die haak-en-steek voor ons uit en nael dat die rooi Kalahari-grond onder sy klein swart kloutjies uitspat.

Hy het so vinnig gehardloop dat ek gereken het dis neusie verby met my steenbokkie en selfs Sarel sê: "Daar gaat hy!" Soos dit die geval is met baie boere wat selektief op hul plase laat jag en self min skiet, was die bokke nie baie wild nie.

Die bokkie het nog vir so twintig treë of wat die rieme neergelê en toe, eie aan sy spesie, het nuuskierigheid die oorhand gekry. Hy het skielik vasgesteek en daar staan hy plank-dwars, gereed vir my op die spreekwoordelike skinkbord. Sarel skop remme aan en ek lê aan met die Kricko .22-geweertjie. Die bokkie verskyn in die visier. Ek trek my asem stadig in, laat sak die korrel tot onder sy borsbeen, bring die geweertjie stadig op en toe die korrel en visier regoor sy blad kom, trek ek die skoot af. Die bokkie slaan teen die grond neer en tot almal se verbasing, maar my teleurstelling, spring hy op en verdwyn agter 'n groot rosyntjiebos!

Erg beswaard laat sak ek die geweer en kyk na Sarel. Hy sê niks nie, maar toe ek sien hy glimlag weet ek my fout was nie te groot nie. Die skoot het dan so mooi op die regte plek geklap soos hy moes klap!

Sonder seremonie beveel Sarel sy Boesman-werker, wat agter op die bakkie gestaan het, om die steenbokkie te gaan haal, terwyl hy self die bakkie se deur oopmaak en uitklim.

"Toemaar, dit was 'n doodskoot. Die bok lê net agter die rosyntjiebos," troos hy. Ek stap langtand agter Sarel en die Boesman, wat reeds agter die rosyntjiebos verdwyn het, aan.

Ons volg die spoor – dit lei vyftien treë verder in die rigting van 'n erdvarkgat. Die bloedspoor is onmiskenbaar in die rooi Kalahari-grond afgeëts.

By die erdvarkgat staan die Boesman en wag op bevele; gretige klein jagter wat hy is, met sy geel, Oosterse vel en skreefogies.

Dit lyk asof hy altyd vir iets gryns, maar ek wat Suidwes en die Boesman ken, weet dat dit van lang ure in die bloedige son is dat hy sy oë so op skrefies trek.

'n Paar rooi bloeddruppels biggel op die sand in die laatmiddagson soos rooi granaatpitte. Die spore lei tot in die bek van die erdvarkgat en dit is duidelik dat die swaar gekweste bok daar gaan skuiling soek het.

"Haal die steenbok uit die gat!" beveel Sarel die Boesman wat op die bevel gewag het en hy spring weg met 'n kinderlikheid wat so eie is aan die kinders van die veld. Ek sien nou nog in my geestesoog sy boepstêre soos hy hom in die bek van die gat ingewikkel het!

Dis toe dat die jagtery omskep word in 'n drama wat nie een van ons jagters, selfs nie die gebore Boesmanjagter, voorsien het nie!

Met 'n onaardse gil en vreesgeluide kom die Boesman in trurat uit die gat – tien maal vinniger as wat hy ingegaan het. Sarel was nog besig om iets te vertel, toe ons versteen vassteek en die gedoente grootoog gadeslaan.

Die Boesman peul soos weerlig uit die erdvarkgat. My eerste vrees is dat my steenbokjagtery veroorsaak het dat 'n giftige slang die onskuldige en hulpvaardige Boesman gaan staan en pik het en nou hardloop die gevolge soos hospitaal toe jaag, dokters en helaas 'n stil begrafnis vir die jagter van die veld, wie se naam ek nie eens ken nie, voor my geestesoog – en dit alles my skuld!

Om dinge te vererger, dans die Boesman 'n riel voor ons en hou sy mond vas. Bloed sypel deur sy vingers, drup op die grond en smelt in die rooi Kalahari-sand weg! Vir etlike sekondes – wat vir my soos ure gevoel het, dans die Boesman sy pyn-dans voor ons en nie een van ons is gebore in staat om iets te doen nie, uit vrees dat ons vermoedens juis is.

Ek was te geskok om tot handeling oor te gaan en dit was Sarel wat eerste tot verhaal kom en die Boesman bars beveel om stil te staan sodat ons kon sien wat skort. Die Boesman bedaar en gaan op sy hurke sit. Hy vat sy hand, rooi van die bloed, van sy mond af weg, en dis toe dat ons die oorsaak van die wond bepaal.

Die swaar gewonde steenbokkie het die erdvarkgat as sy enigste en laaste hoop op ontvlugting gekies. Ek dink hy het ook besluit dat hy vandag sy lewe duur gaan afstaan. Dis toe dat die steenbokkie 'n lokval vir die Boesman gestel het en ek is vandag nog bly ek was nie die een wat daar so oorhaastig in die erdvarkgat afgeseil het nie.

Dis toe die oorgretige Boesman die gat inseil dat die bokkie hom daar in die donker om die draai waar die gat 'n elmboog maak, voorgelê het en hom mooi netjies met sy pragtige klein, skerp horinkies twee koeëlronde gaatjies in sy onderlip gestamp het.

So hard was die stamp dat toe die Boesman later water vra om die bloed af te was, daar tot vermaak van al die omstanders, twee straaltjies water uit die gaatjies gespuit het.

Ons het, nadat die ergste skok oor was, lekker vir die Boesman gelag. Ek glo dieselfde Boesman is lank daarna nog in sy kraal gespot omdat hy hom so maklik deur die steenbokkie – een van die skadeloosste van al die boksoorte – laat flous het.

Na al die drama het Sarel die Boesman aangesê om nou nie weer oorhaastig te werk te gaan nie, maar om versigtig die gat in te kruip, die bokkie aan sy poot te vang en uit te trek.

So gesê so gedaan, en ek het toe my pryshorinkies gekry, maar ek moet eerlik wees ek was op daardie stadium nie meer so trots op my prestasie nie. My simpatie het ook nie meer by die Boesman gelê nie en was lankal en beslis reeds by die bokkie. Glo my vry, dit was lank daarna dat ek weer 'n steenbokkie geskiet het.

Ek het daardie dag 'n groot les in die jagveld geleer: Respekteer die wild in die veld en wik voor jy weeg… Die verkeerde besluit mag dalk jou laaste besluit wees!

2. DIE ONTEMBARE HOORT IN DIE NATUUR

Het jy al ooit gesien hoe vry en sonder sorge die visarend, die bergarend en die berghaan in die blou lug ronddraai op sy oënskynlike eensame vlug? So sorgloos en vry as wat die mens maar net oor kan droom. Het jy al gesien hoe die geelvink en die swaeltjie met die uiterste sorgsaamheid en kuns hul nessies bou? Dit verg meer as 'n ingenieur om so 'n struktuur tot stand te bring. Het jy al gesien hoe vol liefde en bedagsaamheid die steenbokooitjie haar pasgebore lammetjie versorg en teen die gevare van die natuur versteek?

Dis 'n belewenis en jy voel so vêr verwyder – jy voel daar skort iets vreesliks in die beskawing as jy hierdie dinge sien en ervaar. Dinge wat in die betonoerwoud afgestomp het waar elkeen vir homself lewe en die duiwel vir die res.

Wat is mooier as die krul van 'n koedoehoring, die roep van die rooibokram, die groet van die fisant voor dagbreek?

As die gejaagde lewe in die stad jou dryf tot senu-ineenstortings, apteke, pille, dokters en verdowingsmiddels, is daar tog nie uitkoms aan die knaende frustrasies en senutergende gejaagdheid nie? Dan is daar net een medisyne, een tonikum, een goeie raad wat soos manna uit die hemel val: klim in jou voertuig en soek die stil werklikheid van die natuur op; kom terug aarde toe en word weer die nietige mens soos deur die Opperwese geskape.

Dis oor hierdie "moderne-senutergende-gefrustreerde-mensaftakelende-gejaagde", sogenaamde "beskaafde" lewe waaroor hierdie verhaal van terreur handel. Ek wil bieg tot die Opperwese en ook my aandeel in die skuld, waar ek ook al deel sou gehad het, aan Hom opdra om vergifnis. Ek wil vir die sogenaamde "moderne beskawing" probeer in die bres tree, al lyk dit nie of ek daarin gaan slaag nie. Deur middel van hierdie beskeie bydrae wil ek probeer vergoed vir wat gedoen is en nie herstel kan word nie.

Dan wil ek as dit moontlik is, 'n boodskap aan my mede homo-sapiens oordra, deur middel van hierdie vingerwysende, treurige ware gebeurtenis. Ek glo dat talle mense, nadat hulle hierdie verhaal gelees het, net soos ek 'n nuwe blaadjie sal omslaan in hul toekomstige optrede teenoor die dinge van die

natuur:- die wilde diere, die plantegroei en selfs die visse wat in die waters is, is dringend daarop geregtig om 'n meer genaakbare en verantwoordelike optrede en benadering van die sogenaamde superwese – die mens – te verwag.

Gedurende 1962, toe ek in Windhoek gestasioneer was en buitediens met 'n patrolliewa gedoen het, het ek per radio 'n klag ontvang: "Gaan na die kragstasie. Daar is 'n wilde aap wat van die Owambo's gebyt het – die aap moet geskiet word!"

Dit was 'n betreklik stil Saterdagoggend. Ons roetine-patrollie was naby my woning en omdat ek persoonlik nie veel vertroue in die ou .38 Smith & Wesson-diensrewolwers waarmee die polisie destyds toegerus was gehad het nie, veral nie by die skiet van diere nie, het ek gou 'n draai gery en my betroubare en geliefde ou Krico .22 langloop-geweertjie gaan haal. Die geweertjie het 'n klein, maar uiters betroubare, Weaver-teleskoop op gemonteer gehad. Iewers in my agterkop het iets my gewaarsku dat ek vandag my skietyster gaan gebruik.

Daar was meer redes waarom ek verkies het om nie my diensrewolwer te gebruik nie. Eerstens word 'n man, as jy by die polisie aansluit, met 12 patrone uitgereik. Dit is deel van jou persoonlike uitrusting en moet een keer per jaar vir parade-inspeksie voorgelê word. Bewaar jou siel as een patroon vermis word – dan is daar pêrre! Gevolglik word die patrone deur die jare blink van al die hanteer, want hulle word nie gebruik om springhase mee te skiet nie. Dit was staatseiendom. Die polisie het in die jare van vrede nie so baie van vuurwapens gebruik gemaak nie. Gevolglik het die patrone met die jare verouderd geraak. Ek het dit persoonlik beleef dat van die patrone geweier het om af te gaan, juis op kritieke oomblikke en tot groot ergenis van die skut.

Met die Krico-geweertjie in die hand het ek min geweet dat ek die dag een van die meer interessante, dog ook die mees hartseer, weersinwekkende, onnodige doodmaak van 'n onskuldige dier sou meemaak – meer nog, 'n aandeel daarin sou hê en elke sekonde van die tragedie sou moes beleef. Helaas sou ek die vrugte moes pluk van die wreedste dier op aarde, naamlik die selfsugtige mens.

By die kragstasie stap die voorman en klaer my tegemoet. "Vandag skiet julle die verdomde bobbejaan!" beveel hy kwaai en groet eers agterna. "Môre Sersant. Julle moet regtig vandag 'n plan maak en ek dink julle moet die bobbejaan sommer nou skiet."

In daardie stadium van die onderhandelinge het ek nog nie die "bobbejaan" gesien waaroor die klaer so opgewonde is nie en ek loer oral op die perseel rond, maar merk niks op nie.

"Ek is nou moeg vir die verdomde bobbejaan," hervat die voorman en ek merk nou eers dat die man een senuweebol is. Sy voorkop blink van die sweet en hy vat-vat senuagtig aan sy ken.

Ek merk nog geen onraad nie en stap agter die klaer deur die hekke wat toegang tot die kragstasieperseel verleen.

Dis toe ek om die hoek van die gebou stap, dat ek plotseling versteen in my spore vassteek. Tien treë van my af, aan 'n paal vasgeketting, sit die grootste bobbejaanmannetjie van die baie wat ek al in my lewe gesien het!

Toe ons oë ontmoet, spring die dierasie orent, gooi sy maanhare na vore soos 'n leeumannetjie en trek sy skerp, bruin ogies op skrefies – 'n toonbeeld van vyandigheid. Hy grom uitdagend, sper sy reuse-kake oop en dreig my met tande so lank soos my voorvinger. Vreesloos en fronsend kom hy op my afgestap. Ek sien benoud dat hy geen greintjie vrees vir my het nie – dis net die dik ketting wat hom verhoed om my te bestorm en te verskeur. Naakte aggressie is in die dier se oë en houding te lees.

My nek- en armhare staan orent soos erdwurms wat na lug soek. Sweet bars op my voorkop uit en ek voel 'n koue druppel sweet langs my rug afloop. My handpalms is skielik koud en klam en ek hou die .22 soos 'n lans voor my uit.

Hoe lyk die geweertjie nou vir my so klein en nietig? Hoe voel ek nou skielik so onbeskermd, so sonder verweer? Van skiet was daar in die stadium geen sprake nie. Wie kan in so 'n toestand skiet?

"Nou wat het die dier gemaak?" vra ek hees om tyd te wen en om die noodsituasie op te som, terwyl my lugtige oë vir geen oomblik van die reuse dier af wyk nie. Dis asof ek gehipnotiseer is deur die dinamiese, dreigende voorkoms van die dierasie.

"Man, die manne het die bobbejaan klein-klein hier aangebring en met 'n tou aan die paal vasgemaak. Van die manspersoneel het die bobbejaantjie kos en lekkernye gegee en van die Owambowerkers het hom geterg – tot groot vermaak van almal."

Dit het goed gegaan, tot een dag so twee jaar gelede, vertel-kla die voorman. Twee Owambo's het weer die bobbejaan gestaan en terg, toe hy die dun ketting waarmee hy vas was breek, hulle bydraf en byt. Die bobbejaan was toe maar jonk en die beserings wat hy aangerig het, was meer 'n grap en 'n spottery as wat dit nou eintlik ernstig was.

"Nou is dit 'n ander saak," hervat die voorman. "Hierdie week het die manspersoneel die bobbejaan weer oudergewoonte lekkernye en vrugte gevoer toe twee Ovambowerkers verbystap en die dier tot groot vermaak van die mans begin terg. Dis toe dat die ketting breek en hy hom daar losruk en soos my ma altyd gesê het: van vrolikheid kom olikheid!"

Met die woedende bobbejaan van sy ketting verlos, het die Owambo's ylings rieme neergelê na die kragstasiegebou. Hulle het gereken dat dit hul toevlugsoord was en dat die bobbejaan hulle nie daar sou kon bykom nie. Dis waar hulle hulself lelik misgis het. Die briesende bobbejaan het die gebou binnegestorm en hulle net daar gepak met sy gevaarlike tande. Die uiteinde van die storie was dat hulle met ernstige gevolge in die hospitaal beland het, en die owerheid is nou kwesbaar vir siviele eise. Nou moet ek, terwyl die personeel nie daar is nie, die bobbejaan doodskiet, want 'n volgende insident van hierdie aard kan beslis nie geduld word nie, beduie die voorman: "Sersant, ek versoek u, asseblief, skiet die bobbejaan."

Ek lig die Krico-geweertjie en neem stadig korrel op die dierasie. Plotseling verskyn die bobbejaan se groot kop in die teleskoop. Die intelligente ogies beloer my agterdogtig, maar ek kan sien dat die kees nie 'n geweer ken nie, anders sou hy nie so vreesloos en nonchalant vir my gestaan en loer het nie.

Uiterlik is ek nou kalm, maar binne my kop is 'n maalstroom van onsamehangende vrae en gedagtes. In my teleskoop die kop van die bobbejaan, aangekla, skuldig bevind en tot die dood gevonnis – sonder verdediging, sonder advokaat of prokureur en sonder die reg op appél. Wat van die mense wat hom uit sy natuurlike, regmatige blyplek ontvoer het en hom aan 'n paal kom vasketting het? Is daar dan geen saak teen hulle nie? Wat is die straf vir ontvoering, of is dit nie ter sprake nie?

Wat van die wat hom geterg het? Wat is 'n bobbejaan se regte wanneer hy in sy eer aangetas word? Die bobbejaan kan tog nie die polisie bel en sê: "Kom help; hier is mense wat my in my eer krenk, wat my goeie naam skend nie." Of "Ek is ontvoer en word teen my sin hier by die kragstasie aangehou" nie.

Wie is reg en wie is verkeerd? Is dit die werklike oortreder wat nou hier voor my geweer se loop staan?

En ek? Wat is my posisie in die saak? Is ek maar net die laksman, die stomp uitvoerder van die vonnis, of het ek ook 'n mening om te lug?

'n Man ontvoer 'n bobbejaan en hou hom gevange en die dag as daar probleme kom, word die polisie eenvoudig gebel met die opdrag – kom skiet die bobbejaan. 'n Man trou met 'n vrou en as daar probleme kom…? Het net mense regte?

Nou staan daar 'n polisieman met 'n geweer in sy hand, 'n polisieman wat nog nooit eers daaraan gedink het om 'n bobbejaan uit sy natuurlike tuiste te raap nie, en op sy skouers rus die verantwoordelikheid om 'n ander se onbesonnenheid met 'n doodskoot ongedaan te maak. Waar is die man wat die bobbejaan ontvoer het? Op wie se gesig hoort die teleskoop se kruisie? Hoekom moet ek nou vir hom sy bobbejaan vermoor? Hoekom kom doen hy dit nie self nie?

Met 'n bitter smaak in my mond, met selfveragting en pyn in my siel, druk ek die sneller. Bevestig ek die selfsug en onnadenkendheid van die mens as verwoester van die skepping.

Die bobbejaan slaan neer. Stof slaan onder hom uit. Ek sien 'n klein straaltjie bloed tussen sy oë uitvloei en weet die Krico het dit gedoen. Nogtans stap ek versigtig nader en bekyk die bobbejaan.

Die dier kan eerder swaarder as 40 kilogram wees as ligter – en dit is 40 kilogram van spiere en dodelike tande.

Van naderby sien ek dat hy glad nie dood is nie, maar dat hy sy wond met albei hande vashou en tussen sy vingers deur beloer hy my met 'n effens verdwaasde uitdrukking in sy oë. Nog 'n koue rilling gaan deur my.

Lê hy net en wag op die regte oomblik om my te bespring en die onreg wat teenoor hom gepleeg is te wreek? Of het hy sy finale nederlaag aanvaar in die besef dat die dood die enigste ontsnapping uit sy lewe van aanhouding en vernedering bied?

Met 'n skoot in sy oor maak ek seker, en toe was dit "klaar met kees"…

Ek staan terug en beskou my weersinwekkende handewerk. "Jy moet die diere name gee." Dit is die vroegste opdrag aan die mens. Nêrens in die Bybel staan jy moet diere aan pale vasmaak en terg en wanneer hulle die kans kry om die bordjies te verhang, moet jy hulle doodskiet nie. Jy moet die diere name gee.

'n Mens gee tog nie 'n naam aan iets wat jy wil verneder en vermoor nie. My hande voel vuil!

Ek kyk na die lewelose bobbejaan. Dieselfde bobbejaan sou met sy grootte, intelligensie en onverskrokkenheid, as leier en brandwag, geen trop wilde bobbejane tot oneer gestrek het nie. Inteendeel, ek reken dat 'n bobbejaan wat die leierskap van hierdie een se trop sou wou kom oorneem, nie maklik gevind sou word nie.

"Sjoe! Met watse geweer het jy geskiet, Sersant? Het die geweer 'n kwaaier lading as jou .38?" babbel die voorman, maar ek antwoord hom nie. Die man is nou vir my totaal onbelangrik.

Ek stap na die patrolliewa. In my geestesoog sien ek 'n bobbejaantrop in die veld; sien ek die trotse en gerespekteerde leier!

"Sersant," spring die voorman weer half voor my in, "die mans gaan darem kwaad wees as hulle ontdek dat hulle troeteldier dood is!"

Ek veeg die man uit my pad en klim in die patrolliewa.

Ek ry weg; weëmoed en 'n vreemde hartseer oorval my. Ek onthou hoe ek een keer gesien het dat so 'n groot bobbejaanmannetjie sy trop suksesvol teen 'n luiperd verdedig. Ek wonder of 'n luiperd hierdie ou grote sou kon baasraak – en twyfel sterk daaraan.

As hy net hulle leier was en nie teen sy sin en wil as 'n gevangene en sogenaamde troeteldier tot vermaak van die mens in 'n stad vasgeketting was nie…, dan sou die pragdier onder sy spesie nie so wreed en onnodig tot sy einde gekom het nie. As…

Jare later lees ek onderstaande gedig wat my siening bevestig:

HARLEKYN VAN DIE DIERETUIN[1]

Hy sien die agies…
Dan wip hy, skielik mal
Van paal na klip,
Van klip na krip
en spat die water
venynig-woes
dat almal keer en koes,
maar as hul skater
vat hy die sak en vou
dit oor sy hoof;
verlate op 'n ashoop rou
hy oor wat hulle van hom roof,
vêr vlaktes en blou dolmiet;
'n hopie grys verdriet

[1] *Met erkenning aan die digter – S J Pretorius*

3. TWEE ARISTOKRATE

Ek was een keer weer gelukkig om Harry se gas te wees. Hy het na 'n vriend se geselskap verlang. Ek het op my beurt 'n ongekende gemsboklewerlus gehad wat nie beskryf kan word nie en wat net deur die ware Jakob geblus kon word.

Vroegmôre, na 'n lekker warm beker boeretroos, was ons op die Jeep en daar gaat ons – jagveld toe. Die veld op Harry se plaas was soos gewoonlik pragtig. Die soetgras het in die saad gestaan en die opslag was lowergroen. Die bloubos was in die saad en jy kon dit kilometers vêr ruik. Hierdie einste bloubos laat die veld, veral in die winter, mooi daaruit sien, maar as 'n melkkoei van die bloubos vreet, is die melk bitter. Ek was nog van mening dat 'n boer wat bloubos op sy plaas het, gewoonlik min of selde siektes onder sy vee ondervind. Ek glo nou nog daar is groot medisyne in daardie bitter blare van die bloubos.

Die kanniedood, kokerboom, wag-'n-bietjie en wildesering het welig en groen in die blaar gestaan en hier en daar het ek gesien hoe die klein ronde vruggie van die rosyntjiebos rooiwang maak. Toe ek nog 'n jongman was, het ons altyd 'n klippie onder die tong gesit, dan glo ons dat jy nie gou moeg en dors word nie – dit het werklik gewerk. Menige jagter het al as hy in die veld die spoor vat en hy sien daar lê 'n lang stap voor, 'n rosyntjiebosvrug afgepluk en dit soos die klippie van ouds in die mond gesit. Eers word die groen-bruin bassie afgekou en uitgespuug. Die bassie het 'n frank-suur smaak, maar as die vruggie, wat in drie dele in die mond opbreek, verder met die tong rondgerol word, dan word dit al hoe lekkerder en soeter, so asof jy by die murg uitkom. Wel, ek het dit talle male gedoen en as die rosyntjiebos se vruggie soet is en nie suur nie, weet ek die wild is moddervet.

Die spreekwoord onder die jagters lui: "Dis elke dag jagdag, maar nie elke dag skietdag nie!" Dit het ek ook talle male in die jagveld ondervind. Dit was die dag ook so – nie dat ons nie wild gekry het nie. O nee, daarvoor het Harry se plaas te veel gehad om mis te loop. Maar die betrokke maand – dit was middel Julie – het die "Augeestus"-wind gewaai, soos die Basters sou sê, soos hy net in

Suidwes kan waai. My jagtersondervinding het dit dat as die wind so waai, die wild in die digte bosse skuiling soek en dan is jag nie 'n plesier soos dit hoort nie.

Ons was later bo-op die berg met die Jeep en daar was geen teken van wild te bespeur nie; net die wind waai sy droewige lied. Later is ons die hoogste berge uit en my bewondering vir Harry se Jeep het gestyg. 'n Bobbejaan sou nie met 'n kierie die berge kon uit waar die Jeepie die dag uitgeklim het nie.

Die vroeë Augustuswind waai deur murg en been en ek weet dat ons vandag maar net sowel by die huis kon gebly het, maar wil dit nie vir Harry sê nie uit vrees dat die ou aristokratiese Duitser my verkeerd kan verstaan.

Bo-op die berg hou Harry stil, mompel binnensmonds en stap sonder seremonie suid, weg van die Jeep. Ek bly maar sit want hy is 'n bra moeilike man om mee oor die weg te kom.

Ek glo ek tel onder die weinige van sy vriende wat jy op een hand kan tel en dan bly daar nog vingers oor! Een ding staan egter soos 'n paal bo water en dit is dat as jy Harry se vriend is, dan het jy 'n vriend uit een stuk so groot soos hy is – 'n rots van 'n mens.

Harry bly te lank na my sin weg en ek klim maar ook uit die Jeep om die natuurskoon te bewonder. Sy plaas lê ongeveer 60 kilometer suid-wes van Okahandja en as jy in die nag op die berg kamp, kan jy Okahandja se ligte sien. Dis pragtige ruwe berge en jy kan vrede in jou siel voel as jy net daar kan staan en die natuurskoon indrink en binne, diep in jou binneste, versadig word daarvan – 'n dors wat net deur die natuur geles kan word.

Daar onder in die vallei sien ek die kokerboom, witgat, sekelbos, kameeldoringboom, soetdoringboom en die perdepisbos of arub soos die Nama hom noem. Hier bo in die lug draai die berghaan verontwaardig naby my, op gelyke vlak, en hy begluur my met sy adelkop en swart ogies, asof hy my verwyt dat ek dit durf waag om sy heiligdom te betree en ek fluister 'n verskoning aan die pragvoël.

'n Klip rol skielik van die berg af en ek stap nader om oor die krans te loer. Verras staan ek daar – twintig meter van my af staan 'n trop van 35 koedoes. Kleintjies en grotes, van donkerblou bulle tot ligteblou-vaal jonger bulle en koeie. Die koeie is mooi ligblou van kleur met 'n duifkleur-bruin om die skouers en rug. Daar staan 'n pragtige klein kalfie net onder my en dit was die klein rakker wat die trop verraai het. Die groter bul en koeie beloer hom asof hulle vir hom wil sê: "Sien jy – nou het jy ons skuilplek verraai!"

Ek het natuurlik op uitnodiging vir Harry kom kuier. Vir Harry kan jy net kuier as jy genooi word. En as jy op Harry se plaas kom skiet, sê hy vir jou waar en wat jy mag skiet. As daar gemsbok loop en Harry wil koedoerugstring gaarmaak, dan skiet jy nie gemsbok nie, maar koedoe. As Harry vir jou laat jag en hy sê skiet daardie bok en jy kwes die bok dan loop haal jy hom te voet – dié is nou maar wors. As jy mis skiet of jy kwes die bok en jy bring hom nie huis toe nie, dan was dit die laaste keer dat jy op Harry se plaas gejag het, "schluss und fertig[2]," soos die Duitser sou sê.

---

[2] *Uit en gedaan.*

Nietemin, ek loer nog so oor die afgrond toe hoor ek iets agter my en gewaar Harry waar hy aangestap kom. Hy loer ook oor die rand. Ek wys hom die koedoes, maar hy skud sy kop. Toe ons terug stap Jeep toe, sê hy dat die trop nog klein kalfies het en daar word nie onder die trop geskiet nie.

Toe ons amper die berg af is en hier na die droë loop van die rivier toe sak, trap Harry rem en fluister vir my: "Shiess Mann, shiess![3]" Ek wonder nog waarvan die man praat, toe beweeg die koedoebul wat ek met die afkom tussen die digte bosse vir 'n rots aangesien het.

Ek sit verstom na die bonatuurlike verskynsel en kyk en hoor net vaagweg hoe Harry deur sy tande dreig dat ek moet skiet. Dis toe die pragdier sy kop optel dat ek met die hand na die 308 Norma Magnum voel-voel met my oë nog steeds op die dier gerig. Hy staan nie twintig treë van ons af nie – vreesloos staan hy daar; nie 'n spier roer nie. Toe hy genoeg gekyk het, begin die bul stadig en statig, op sy tyd, teen die koppie se nek uit stap.

Harry wil die stuipe kry hier langs my, want hy het nie 'n geweer saamgebring nie. Ek bring die geweer stadig en traag aan my skouer die oomblik toe die bul op die nek vassteek en in ons rigting draai. Hy is potblou en dra 'n lang wit baard. Sy horings is die grootste, swaarste en mooiste wat ek nog ooit gesien het.

Toe die bul hier voor my oog verskyn in die Duitse Marburg 1 – 6 teleskoop, kan ek letterlik sy lang ooghare tel, so naby is hy aan my. Vreesloos en minagtend staan hy daar met sy sierlike horings en pragtige groot oë, asof hy wil sê: "Skiet my laat ek sien"! Soos die rots van Gibraltar, soos 'n Egiptiese sfinks, staan die pragdier daar. Soos 'n aristokraat.

Toe weet ek, ek kan hom nie skiet nie. Hier het ek op die kruispad van selektief jag gekom en ek is vandag nog trots daarop dat ek nie die ou grote geskiet het nie. Ek besef vandag nog dat daardie horings, indien nie 'n rekord nie, baie na daaraan sou gewees het. Maar ek het gemsboklewerlus gehad en wou gemsbok skiet – nie koedoe nie.

Die bul bekyk my vir oulaas, blaas verontwaardig deur sy neus, en verdwyn rustig en statig oor die nek. Dis hier waar Harry net 'n snork gee. Rooi in die gesig spring hy agter die Jeep se wiel uit. Hy pluk sy mooi groen Duitse hoedjie met die Loerieveer in die band van sy kop af, gooi dit op die grond en spring op en af daarop terwyl hy skreeu: "Waarom, waarom skiet jy nie, man!?"

Toe hy eindelik bedaar, tel hy ewe sy platgetrapte hoed van die grond af op, gooi dit agter op die Jeep tussen die gereedskap en klim after die wiel in. Hy skakel die Jeep aan en as ek nie betyds langs hom ingespring het nie, sou hy waaragtig vir my weggery het.

---

[3] *"Skiet man, skiet!"*

Daardie aand braai ons slaghuiswors op kameelhout kole en hier verduidelik ek vir hom: "Daardie koedoe en jy is een en ek sou hom nooit geskiet het nie al staan hy nou hier voor my."

Harry beloer my oor sy stomende koffie en sê vir 'n lang ruk niks. 'n Vlermuis swiep oor ons koppe, 'n kiewiet raasgat in die droë rivierbedding en 'n jakkals bekla sy nood teen die sekelmaan op die horison.

"Ja, du hast eigenlich recht![4]" erken hy oplaas en ek sien hy tuur die wildernis in. Ek sien die streng gesig versag en die klein plooitjies langs sy oë maak hoenderspore en ek weet hy het in sy hart en siel met my vrede gemaak.

[4] *"Ja, jy was eintlik reg!"*

4. BALLISTOLOLIE-BALLADE

Toe ek nog 'n klein seuntjie was, het ons in Bronkhorstspruit gewoon en my pa het in Pretoria gewerk. Dit was moeilike jare daardie. Dit was oorlogsjare[5], alles was skaars en duur. Geld was daar beslis nie.

Ek kan nog goed onthou hoe ons lank met geelmieliemeel moes klaarkom – van brood was daar geen sprake nie en veral 'n witbrood was 'n rariteit. In die môre was dit warm geel mieliepap, in die middag koue geel mieliepap en in die aande ou geel mieliepap. Ja, dit was swaarkryjare vir ons daardie. Ons was arm, maar ons het darem nooit honger gaan slaap nie. Ons het ook nie nuwe klere geken nie. Ek onthou ek moes lank in my lewe gelapte broeke dra, maar dit was darem altyd skoon en netjies gestryk – gelap of te nie.

In daardie tyd is daar ook maar selde van dokters gebruik gemaak. Sulke luukshede was ons nie beskore nie, want daar was net eenvoudig nie geld daarvoor nie. Daarom is die blou kasteroliebottel, balsem kopiva en ander rate gereeld nadergesleep. Engelsesout, wat later deur die smaakliker maar blitsige Brooklax vervang is, was geen onbekende in ons huis nie.

Ek onthou nog goed hoe ek in daardie jare vir die eerste keer met ballistololie te doen gekry het. Die bekende olie is vir baie dinge in my lewe gebruik.

As jy maagprobleme het, dan haal pa die ballistolbotteltjie uit. Of die natuur te haastig en oordadig was of te traag, dit maak nie saak nie – ballistololie het die probleem opgelos en gereeldheid gebring. As jy jou vinger gesny het, was ballistol die remedie en genees het dit waaragtig. As jy jou per ongeluk met vuur brand, glo ek vandag nog, is daar min middels wat ballistololie kan klop.

'n Oubaas het my een keer vertel dat hy jare met 'n maagseer gesit het en dat die dokters hom nie kon genees nie. Ballistololie was die redding. Dit was natuurlik jare gelede, maar selfs vandag glo ek dat 'n man wat nie graag aan sy maag wil laat sny nie, ballistol as 'n pynlose vervanger vir die mes kan gebruik.

Eenkeer het ek weens lang blootstelling aan die son, my gesig erg gebrand. Ek was in die veld en met 'n swak vel wat maar maklik deur die son verbrand

---

[5] *Laaste wêreldoorlog.*

word, het ek geen middel gehad om my vel mee te behandel nie. Nadat ek die aand met 'n seer vel gaan stort het, het ek skielik my ballistololie onthou. Ek het sonder seremonie die botteltjie uitgehaal, ballistol aan my vel gesmeer en gaan slaap. Die volgende môre toe ek opstaan en amper klaar ingepak het, merk ek my bottleltjie ballistololie langs die bed staan. Toe eers onthou ek my pynlike sonbrand van die vorige dag. Van die seer was daar geen sprake meer nie – ballistol het weer die ding gedoen.

Ek kan nie meer alles onthou waarvoor ballistololie gebruik kan word nie, maar dit is ook vir tandpyn aangesmeer. Ballistololie wat warm gemaak is, kan ook vir bloedvinte help. En as jy jou met 'n mes raaksny, is daar geen rede tot kommer nie. Gooi ballistololie op 'n lappie, verbind die snywond en die wonderolie genees jou wond dat daar geen teken van 'n sny oorbly nie. As jy die lappie 'n dag later sou afhaal sal jy ook aan ander sê die sny was regtig daar… ek belowe!

Op 'n anderkeer het ek 'n paar dae langs die Suidweskus gaan visvang. Hier vang 'n mens werklik vis. Die manne soos oom Flip Joubert en Klasie van Vuuren sal jou gou sê dat as jy vis in die pan het, hengel jy vis – as die vis in die see bly, dan vang jy verkoue. Ek en my broer het die dag bontgestaan langs die see. Hy het gelukkig 'n sonbrandmiddel saamgebring, want ek kan die versekering gee dat die Suidweskus se son 'n hond uit 'n bos brand. Hier moet jy twee-twee saam loop, want as die son jou alleen kry, brand hy jou 'n kaiing.

Dit was dan gedurende die hengeltog dat ek vir my genoeg sonbrandmiddel aangesmeer en laat waai het. Die kabeljou het geloop en die son het gebrand, maar ons was reg. Die tweede dag toe ek groet en huiswaarts keer met so 'n twintig lekker kabeljou in die vrieskas en met 'n mooi bruingebrande gesig sonder die bekende seer sonbrand, moes ek voel dat daar ander probleme is. Die son het op my onderlip 'n netjiese groot koorsblaar gebrand. Nou wil ek darem die dokter of apteker sien wat 'n middel het wat 'n koorsblaar sommer so laat verdwyn – nee hulle kan nie; jy sal maar die gewone pyne moet deurstaan.

Die koorsblaar kom uit met sy bekende dik swelsel waaraan jy niks kan doen nie en gewoonlik klop hy so dat hy jou hele bestaan bederf. So na twee, maar veral drie, vier dae breek die koorsblaar en het jy 'n allemintige seer aan die mond wat jou nog meer as 'n week lank genadeloos treiter.

Toe ek by die huis kom met die koorsblaar, was daar niks wat wou help nie. Na die derde dag het die koorsblaar – 'n knewel van 'n kêrel – oopgebars. Toe sê ek eers les op. Ten einde raad het ek my medisynekassie deursoek, maar sonder sukses. Dis toe dat ek my ballistololie onthou.

Ek het die botteltjie in my sak gesteek. Elke keer as ek merk dat die koorsblaar droog word, dan sit ek 'n bietjie ballistololie aan en gedoriewaar – die ballistololie help vir koorsblare ook.

Ek onthou nog goed toe my oor die nag aan't sweer gegaan het. Waarom 'n man se oor moet sweer, en dit gewoonlik in die nag, wanneer jy die lekkerste slaap weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat Ma die ballistololie in die teelepeltjie oor die kers warm gemaak het, en in my oorgegooi het, was die pyn en die oorsweer iets van die verlede.

Wat 'n wondermiddel!